Dinsdag 9 Maart 2004 bl. 11
Beeld
Johannesburg Finaal
foto: volkleur

Onderskrif: Prof. Jonathan Jansen sê die positiewe rol wat voormalige wit skole in transformasie speel wat hulle 'n bate vir die hele SuidAfrika maak, sal onder meer op die konferensie oor gelyke onderwysgeleenthede uitgelig word. Foto: ALET PRETORIUS

Kollig val op gelyke onderwysgeleenthede in SA en VSA

Hoe gelyk is onderwysgeleenthede ná tien jaar van demokrasie in Suid-Afrika? Vrae soos dié sal eersdaags op 'n internasionale konferensie bespreek word, skryf ***Alet Rademeyer****.*

Wanneer internasionale en plaaslike onderwyskundiges aanstaande maand debatte oor gelyke onderwysgeleenthede in die VSA en Suid-Afrika voer, sal op ander kwessies as "gewone" rassisme en seksisme gefokus word.

Prof. Jonathan Jansen, dekaan van die fakulteit opvoedkunde aan die Universiteit van Pretoria (UP), wat dié konferensie reël, meen daar behoort ook gekyk te word na suksesverhale van transformasie en integrasie by skole soos die Hoërskool Staatspresident C.R. Swart in Pretoria.

Volgens hom sal die konferensie belangrike verskille tussen die twee lande uitwys, soos dat swart Amerikaners 'n demografiese minderheid in die VSA sal bly wie se kwessies op velkleur betrekking het, terwyl swart mense die meerderheid in Suid-Afrika is en ander probleme ervaar.

Die konferensie word gehou ter viering van Suid-Afrika se demokrasie en Grondwet, asook die herdenking van die beroemde Amerikaanse hofsaak Brown vs. Board of Education 50 jaar gelede, wat afsonderlike onderwys in die VSA finaal as fundamenteel ongelyk bestempel het.

Jansen sê die besprekings sal aandui dat daar ná 50 jaar steeds ongelykhede in onderwys in die VSA is. Só is daar in sekere state 'n terugkeer na swart skole vir swart seuns, wat ná al die jare steeds nie gesien word as mense wat 'n bydrae kan lewer nie, maar eerder 'n groter kans het om in die tronk te beland.

Taal ook 'n faktor

Die verskynsel van "hersegregasie" (die nie-amptelike herinstelling van afsonderlike onderwys) waar Amerikaanse skole al hoe witter of swarter word, sal ook bespreek word. Jansen meen dï t sal nie in Suid-Afrika gebeur nie omdat swart mense die meerderheid is en skole in verskillende fases sal integreer. Volgens hom integreer Afrikaanse skole die stadigste omdat taal die groot kwessie is.

Die konferensie sal ook fokus op hoe taal 'n faktor kan wees wat gelyke onderriggeleenthede ondermyn. Jansen meen daar is ná tien jaar heelwat dinge in die onderwys in Suid-Afrika om op trots te wees. "Só kan ons trots daarop wees dat veranderings nie met groot ontwrigting of anargie gepaard gegaan het nie. Daar was uitsonderings, soos die Hoërskool Vryburg, waar rassisme voorgekom het.

"Die politieke atmosfeer by skole was eintlik positief as 'n mens dink hoe dit in die verlede by sekere Amerikaanse skole gegaan het waar militêre troepe ingeroep moes word om die orde te handhaaf."